OOSTELIKE SINODE

familienuus

OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

Baie dankie vir die saam-lees aan ons Familienuus. Ons blad het 'n nuwe voorkoms gekry, ons vertel die nuus van gemeentes en leraars en die CMR – en dít alles omdat ons familie-wees vir ons belangrik is.

Die familie is groter as wat ons dalk besef: leraars, emeriti, gemeente-personeel, CMR maatskaplike werkers en personeel, 'n wyer kring van intekenaars – dankie aan elkeen wat saamkuier!

Van baie kante af hoor ons dat hierdie 'n besige jaar was. Ons wens is dat die feesdae 'n rustiger tyd sal wees. Wat maak ons as dit rustiger raak? Ons rus, ons kry weer perspektief oor God, ons verhoudings, werk en prioriteite.

As gelowiges doen ons dit alles in die teenwoordigheid van dié Here wat Immanuel geword het.

Mag die genade, die liefde en die teenwoordigheid van die God van Kerstyd jou opnuut weer verras!

GEMEENTES EN LERAARS

Nadine Swanepoel van Waverley het aan die begin van Desember diens aanvaar in Skuilkrans.

Willem Boshoff het op 3 Desember by Skuilkrans 'n Akte van Emeritaat ontvang. Die kerkraad het 'n verdere diensooreenkoms met hom gesluit.

Francois Retief het op 30 November as Uitvoerende Amptenaar 'n Akte van Emeritaat ontvang. Die Sinodale Diensraad het 'n verdere twee jaar-diensooreenkoms met hom aangegaan.

VAKATURE VIR HOOF VAN SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

Pligte sluit in:

- Fasilitering en ontwikkeling van die VBO-program vir leraars, diensleraars, standplaasleraars en bedienaars, in samewerking met die Kuratorium, die Noordelike sinodes en die sinodes van Noord-Kaap en Kwazulu-Natal.
- Bepaling en bestuur van die aanbieding van kursusse en leergeleenthede vir VBO in lyn met riglyne van die Algemene Kuratorium.
- Bestuur van die proses vir voldoening aan die vereistes vir VBO-punte vir leraars, diensleraars, standplaasleraars en bedienaars en skakeling met die leraars in veral die Noordelike sinodes.
- Self ook verantwoordelik vir doseerwerk, kursusontwikkeling en aanbieding.

Vereistes vir kandidaat:

- Bevoegdheid as leraar in die NG Kerk met gemeentelike ondervinding van ongeveer 10 jaar.
- 'n Doktorsgraad in teologie.
- VBO punte moet op datum wees.
- Ervaring in bestuur en aanbied van kursusse en toerusting.
- Ervaring en kennis van kerklike werksaamhede in sinodale strukture.
- Vermoë om te netwerk en te skakel met gemeentes, leraars, kerklike strukture en die akademie.
- Spanwerker met gesonde menseverhoudinge.
- Kennis van VBO-landskap en van kurrikulum ontwikkeling sal 'n aanbeveling wees.
- Ouderdom tussen 35 en 60 jaar.

Diensvoorwaardes

- 'n Salarispakket met byvoordele volgens sinodale skaal.
- Diensaanvaarding 1 Maart 2024 of so gou moontlik daarna.

Aansoeke en aanbevelings deur kerklike liggame word gerig aan die Kuratorium by ngkerk@up.ac.za. Aansoek sluit 12 Januarie 2024.

OOSTELIKE SINODE

SINODEHUIS

Ons Sinodehuis sluit op **Donderdag 14 Desember** om 10:00.
Maandag **8 Januarie 2024** is ons deure weer oop.

WWW.SINOOS.CO.ZA

Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

Ons webtuiste

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat van 5 Desember tot 15 Januarie verjaar.

PREDIKANTE

14 Desember Lourens van Deventer, Valleisig
18 Desember Willem Esterhuizen, Witbank-Panorama
21 Desember Frikkie Coetzee, Lux Mundi
21 Desember Johannes van der Merwe, Alkmaar
22 Desember Hancke van Blerk, Piet Retief
23 Desember Adriaan van Tonder, Tzaneen-Wolkberg
23 Desember Raymond Kramm, Ligkruis
25 Desember Ian Dubery, Moreletapark
25 Desember Maartje van der Westhuizen, Elarduspark
5 Januarie Kobus Mey, Nooitgedacht
5 Januarie Carine Botha, Krielpark
6 Januarie Daan Klopper, Lux Mundi
9 Januarie Rika van Vuren, Middelburg-Suid
12 Januarie Roedolf Botha, Pretoria-Oosterlig
13 Januarie Dif Ehlers, Debruinpark-Ermelo

EMERITI
8 Desember Pieter Poley, Paardekop
9 Desember Leon du Toit, VGKSA Embhuleni
11 Desember Danie Haasbroek, Moreletapark
12 Desember Johann Fourie, Pretoria-Faerie Glen
17 Desember Johan van Rooyen, Westonaria-Oos
19 Desember Niekie Rothmann, Dennesig
25 Desember Hendrik Groenewald, Groblersdal
26 Desember Cliff van Vuren, Dennesig
31 Desember Charl van Schalkwyk, Volksrust
1 Januarie Eddie le Roux, Witrivier

GEMEENTES
7 Januarie Lydenburg (174)
7 Januarie Sabie (91)
7 Januarie Nelspruit (86)
9 Januarie Roossenekal (139)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za